

Boodskap vir Sondag 31 Mei 2020

Gegroet vanuit die pastorie. Terwyl ek die boodskap opneem, het dit saggies begin reën en dit in opvolg van die reën en sneeu vroeër die week. Ons het rede om dankbaar te wees, ook oor die inperking wat versag word. Ons het ook rede om bekommerd te wees oor die gebeure van pandemie en ons kan en moet almal intree dat die inspraak van God wat alle verstand te bowe gaan, sal inval in ons harte en omstandighede. President Ramaphosa het Sondag 31 Mei 2020 as staatshoof uitgeroep as 'n dag vir gebed. Neem deel – die gebed van baie het baie krag!

Hier volg die boodskap vir Sondag 31 Mei 2020.

Nabysyn – die woord verskyn skielik voor my in 'n artikel wat ek lees oor Lina Spies wie se aantekening in een van haar toetse op universiteit aan my was dat as ek my pa se geld wil mors, ek welkom is, maar ek moenie hare mors nie. Lekker klankwoord, **nabysyn**, dink ek éen betekenisvol. Veral in die tyd van beperking-afsondering waar dit voel asof alles bietjie vir bietjie besig is om swaarmoediger te word.

Ek word ook herinner aan Totius se gedig **Tarentaal**: *Die kruiwawiel se skreeugeluid kerm hy droefgeestig uit terwyl die skeemring vinnig daal – die tarentaal*. En dan kom praat Hettie Smit met haar **Sy kom met die sekelmaan** ook met my: *..En gisteraand toe die ou suidoostewind so malkop was en soos 'n wilde hond teen my venster aangeblaf en om die huismure getjank het en toe die dol reën sy hande vol waterkorrels moedswillig in my gesig skiet as ek net by die voordeur uitloer, het ek gedink: nou sal hy kom in die groot lawaai, om net te sê: Maria, dis wild en dis pragtig! Dis om bang en hartseer te word; dis om jou kop in jou kussings te druk en te snik! Maar die sagte klop aan my deur was eenmaal, tweemaal, driemaal – ag, twintigmaal, maar net die wind wat tergend teen die hout aanblaas en met hol kieste weer sy asem terugsuig...*

Onder vlak 3 van grendeltyd mag ons weer eredienste hou – wel met veel beperkings. Een daarvan is dat persone ouer as 60 verkieslik nie byeenkomste moet bywoon nie. Die gemiddelde ouderdom van lidmate wat eredienste in Calitzdorp bywoon, is naby 60. Dit is ook so dat dit veral ouer persone is wat nabysyn spesiaal benodig. As jy kan, gaan kuier vir iemand wat bo 60 is in hierdie week. Maar elke mens benodig nabysyn en ons aanvaar so maklik bymekaar wees is nabysyn. Nabysyn beteken om regtig aandag aan mekaar te gee. Grendeltyd is aaklig en tog terselfdertyd bied dit ook geleentheid dat ons wat saamgehoek is, mekaar weer kan herontdek – soos gesê word die liefde weer laat opvlam. Nabysyn is liefde wat gewys word, dit is waar ons ons harte vir mekaar oopmaak.

Vir elke Adam is daar 'n Eva want dit is nie goed dat die mens alleen is nie (Genesis 2:18). Elkeen het 'n lewenshulp nodig – of dit 'n eggenote of kind of ouer of vriend of wat ook al is, elke mens het medemenslikheid nodig. Die teenoorgestelde van hierdie soort nabysyn is nie haat nie, maar vrees. Vrees vir alleenheid is die grootste vrees wat mense in lewe ervaar en die ergste hiervan is 'n alleenheid tussen mense. Spyt sê die spreekwoord kom altyd te laat. Grendeltyd se positiewe kant gee elkeen nou weer die geleentheid tot egte samesyn, tot nabysyn, om die eensames te besoek, om jou verhouding met jou Skepper te versterk. Dit kos twee mense om 'n broer of suster te wees.

Ja, **nabysyn**, is 'n egte begrip vol van die hart wat nie alleen kan woon nie. En dít, hoor ek, is wat vele mense voel. Ons is van Maandag 1 Junie op vlak 3 van grendeltyd. Steeds ingeperk, maar tog kan ons bietjie meer **nabysyn**. Iemand in die gemeente vertel die volgende: *“Ek was die oggend in gesprek met die Here oor hoe Hý werk en wat ék kan doen. Bietjie later die dag pluk ek blomme in die tuin (wat ek vir*

'n lang tyd nie kon doen nie a.g.v. die droogte) en ek wens ek kan vir iemand wat swaar kry, maar met wie ek nie kontak het nie 'n bossie kan gee. Die volgende oomblik kom die persoon se seun aangery by ons (ons sien hom eintlik nooit nie) en kan ek 'n bossie vir sy ma saamgee. Toeval??? Iets wat ek kon beplan het??? Ek twyfel. Ek dink God werk op misterieuse maniere en dis asof ek gebeurde van buite gadeslaan en net stom geslaan is deur God se werkinge.

Terwyl ons fisies beperk word, is daar altyd ander maniere om liefde en vriendskap en nabysyn te bied. Bel iemand, stuur blomme, laat laai 'n bordjie kos af, nooi iemand om te kom kuier as jy kan en mag. Hierdie soort van samesyn verkry sy hoogtepunt in die sakrament van die nagmaal. **Luk 22:14ev:** *En toe die uur kom, het Hy aan tafel gegaan en die twaalf apostels saam met Hom. En Hy sê vir hulle: Ek het baie sterk daarna verlang om hierdie pasga met julle te eet voordat Ek ly. Want Ek sê vir julle: Ek sal sekerlik nie meer daarvan eet voordat dit in die koninkryk van God vervul is nie. En toe Hy 'n beker geneem het, dank Hy en sê: Neem dit en deel dit onder julle. Want Ek sê vir julle: Ek sal sekerlik nie drink van die vrug van die wynstok voordat die koninkryk van God gekom het nie. Daarop neem Hy brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan hulle en sê: Dit is my liggaam wat vir julle gegee word; doen dit tot my gedagtenis. Net so neem Hy ook die beker ná die maaltyd en sê: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed wat vir julle uitgestort word.*

In die erediens van Pinksterfees soos ons sou gehou het as die coronavirus nie met mense koppe kom smokkel het nie, sou ons Nagmaal met mekaar gedeel het. Die samekoms van alle samekomste omdat Jesus deur metafoor en Gees dit met ons sou deel. Maak van die middagete vandag by die huis 'n sakrament van nabysyn. Maak geleentheid dat elkeen teenwoordig kan weet hy of sy word waardeer en aanvaar deur dik en dun. Vergewe mekaar die slegte dinge en bied getuienis oor die goeie. Dit is die Blye Boodskap oor al die eeue. Jesus is namens elkeen gekruisig – ons hoef dit nie self te herhaal nie en ook nie van ander te verwag om dit te doen nie. Ons het elkeen in Christus opgestaan uit die dood van 'n alleenlike en eensame en uitgeskotte lewe – maar ook om die liefde van God vir ander by ons en vir eensames en die oues van dae te bied.

Die waarheid is dat God se liefde meesal beleef en ervaar word daardeur wat ons elkeen doen. Paulus skryf aan Filemon (v.7) oor die groot blydschap en troos oor sy nabysyn (liefde) wat hy ervaar het omdat daardeur die harte van almal wat dit beleef verkwik word. Al kan ons nog nie nabysyn deel tydens en 'n erediens op Sondae nie, kan ons mekaar wel saam in gees en hart groet met die bekende seëngroet: Die genade en vrede van God, ons Vader, en die Here Jesus Christus, deur die werk van die Heilige Gees is met julle – 'n groet waarop dikwels geantwoord word 'die Here het waarlik opgestaan'.

Amen